

'N NUWE "LEITMOTIV" VIR DIE ONDERRIG VAN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS*

Dr. Junita Kloppers-Lourens

*Onderwyskundige Projekleier van SANLAM/AFRICA GROWTH NETWORK (AGN)
POWERMATRIC*

Ek wil ter aanvang aansluiting vind by twee berigte wat die afgelope jaar in *Beeld* verskyn het. Die een het betrekking op historici en die ander is vir almal wat by die onderrig van geskiedenis betrokke is, om van kennis te neem.

Die eerste een, 'n berig oor die tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, wat verlede jaar in Grahamstad gehou is, het op 30 Junie 1995 onder die opskrif **Historici sal werk aan hulle bestaansreg**, verskyn. Hierin word onder andere die volgende geskryf: *"Dit is of die nuwe bedeling nog nie só 'n mate van stabiliteit bereik het dat historici op grond van nuwe beleidsrigtings 'n toekomspektief het waarop 'n sinvolle interpretasie van die verlede gemaak kan word nie."*

Die probleem wat historici dus tans volgens *Beeld*

beleef, is die gebrek aan 'n toekomspektief waarvolgens die verlede geïnterpreteer kan word.

Dit is inderdaad so dat 'n nuwe toekomspektief die rigtingwyser vir historici moet wees. Van die drie tydsgewigsdimensies van historiese bewussyn (verlede, hede en toekoms) is die toekoms die bepalende dimensie. Heidegger en Jeismann meen albei dat dit die toekoms is "wat sin en rigting gee aan die vertolking van die verlede en die verstaan van die hede" (Van Jaarsveld, 1992: 11); en Van Jaarsveld het dit herhaaldelik beklemtoon dat "singewing" aan die verlede afhanklik is van 'n positiewe toekomsbeeld (1994: 8).

Die nuwe omstandighede in ons land spel dit vir ons duidelik uit dat 'n nuwe "leitmotiv" in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangetoon moet word. 'n Nuwe grondmotief of sentrale motief, as die kern

*'n Gewysigde weergawe van 'n referaat gelewer tydens die tweejaarlikse gesamentlike konferensie van die HISTORIESE GENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA en die SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR GESKIEDENISONDERRIG, 10 - 12 Januarie 1996, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

waarom 'n historiese bewussyn in die gestalte van 'n bepaalde geskiedbeeld gevorm sal word, is nodig. Só 'n geskiedbeeld is een wat vir die meerderheid van die bevolking aanvaarbaar sal moet wees en waarvan geskiedenisillabusse 'n vanselfsprekende uitvloeisel sal word.

Vorige "leitmotiewe" of toekomspektiewe in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, soos byvoorbeeld die *imperiale gedagte* tydens die koloniale era, die *vryheidsgedagte* na 1881 en *Afrikanernasionalisme* ná 1948, het die een na die ander beslag gekry, maar het ook uitgedien geraak (Kloppers-Lourens, 1995:15).

Die toekomspektief waarop historici tans volgens *Beeld* wag, is dit wat die nuwe regering van Suid-Afrika as toekomsbeleid stel. Dit sal grootliks die hervertolking van die Suid-Afrikaanse verlede en 'n nuwe geskiedbeeld, as resultaat daarvan, bepaal. Só 'n perspektief is die afgelope twee jaar dikwels deur die nuwe leierskap, politici en meningsvormers by wyse van beleidsverklarings en standpuntstellings verwoord. Met 'n verlede van verdeeldheid agter ons het die geboorte van 'n nuwe nasie waaraan daar in die toekoms gebou moet word, die nuwe groot ideaal geword.

Nelson Mandela se volgende toekomsvoorstelling tydens die verkiesing van 1994 is 'n omvattende verwoording daarvan. Hy het gesê: *"Ons begin 'n nuwe era van hoop, versoening en nasiebou...Ek hoop dat die verkiesing almal in Suid-Afrika sal laat beseef dat hierdie een land en een nasie is...Ek koester die idee van 'n nuwe Suid-Afrika waar almal gelyk is en saamwerk om vrede en demokrasie tot stand te bring"* (*Beeld*, 28/4/1994: 2). Nasionale versoening, heropbou, nasiebou en 'n ware demokrasie is sedertdien steeds op die lippe van hulle wat die politieke toon aangee.

Vanjaar, twee jaar ná die verkiesing, skryf Mandela self die volgende in *Sunday Times*: "Yes, I see nation-building and reconciliation as my mission: a mission of the ANC. The ideal of liberating all racial groups from past divisions aside; this is a strategy based on realism. For, none of the former enemies has vanquished the other. Through persuasion, and in line with the constitution, we should together build a democratic and prosperous society, at peace with itself" (25/2/1996: 24).

Beeld (30/6/1995: 13) beweer dat 'n mate van stabiliteit eers bereik moet word, alvorens historici op grond van nuwe beleidsrigtings 'n toekomspektief het waarop 'n sinvolle interpretasie van die verlede gemaak kan word. Is stabiliteit die groen lig vir die aanvaarding of erkenning van 'n toekomspektief en is dit net die taak van die politici om vir stabiliteit

in die nuwe bedeling te sorg? 'n Nuwe perspektief vir die toekoms is uitgespel, ons het reeds duidelik verneem wat die toekomsideaal vir ons land is. Dit is sekerlik ook óns taak om van huis uit daaraan te bou.

Uit die tweede koerantberig, wat op 14 Desember 1995 in *Beeld* verskyn het onder die opskrif **Minder as 10% van skoolverlaters sal binne 5 jaar werk kry**, wil ek die volgende vier paragrawe aanhaal:

"Dr Hans Falkena, hoofekonoom van ABSA in Johannesburg, sê hy sou radeloos gewees het as hy 'n skoolverlater was.

'Daar is groot rede tot kommer vir dié mense.'

Hy het bygevoeg dat dié mense wat vakke soos 'breiwerk, stryk en kook' in matriek geneem het, nié die nodige vooropleiding vir universiteit het nie.

'Selfs vakke soos aardrykskunde en geskiedenis, wat baie interessant is, is nét vir toekomstige akademici van belang.' Die suiwer natuurwetenskappe en byvoorbeeld rekeningkunde bied 'n veel beter grondslag vir universiteitsopleiding...'

Sou dr. Falkena hiermee geskiedenis aan breiwerk, stryk en kook gelyk wil stel, as synde vakke wat nie aan kandidate 'n goeie grondslag vir universiteitsopleiding bied nie; en wil hy hiermee impliseer dat iemand wat geskiedenis in St. 10 neem, 'n goeie kans staan om deel van die reuse werkloosheidsprobleem in ons land te word, tensy hy/sy 'n akademiese loopbaan in geskiedenis in die vooruitsig stel?


Terwyl ons ons in die geselskap van die ekonome bevind, is dit interessant om te let op die statistiese gegewens met betrekking tot die tien mees populêre vakke wat deur St 10-leerlinge geneem word, soos wat dit in die 1995 Herfs-uitgawe van die tydskrif *Economics* gepubliseer is. (Ky tabelle bladsy 5)

Hoewel slegs 15,48% van die Asiër-matrikulante en 23,57% van die blanke matrikulante in 1995 geskiedenis as vak geneem het, is dit die derde mees populêre vak by die bruinmense (49,63%) asook by die swartmense (41,06%). Wanneer getalle dus in ag geneem word, dui die statistiek daarop dat geskiedenis by die oorgrote meerderheid St 10-kandidate in ons land die derde mees gewilde vak in 1995 was.


Die telbord, die getalle, die syfers is dus nog in werklikheid gunstig vir geskiedenis, maar die redes daarvoor gaan nie noodwendig vir lank meer dieselfde bly nie.

TEN MOST POPULAR SUBJECTS TAKEN BY STD 10 PUPILS


Asians




Blacks



Coloureds



Whites



Wat dr. Falkena se opmerking betref, lyk dit asof hy geskiedenis terug wil redeneer in 'n ivoortoring in. Wat hy blykbaar ook met sy opmerking, dat skoolgeskiedenis net vir toekomstige akademici van belang is, nie besef nie, is dat dit by geskiedenis, as skoolvak, om méér as net kennis van die verlede, die beoefening van die kritiese metode en intellektuele vorming gaan (Trümpelmann, 1980: 19). Naas intellektuele vorming en die verwerwing van sekere vaardighede gaan dit by skoolgeskiedenis veral ook om kulturele, morele en staatsburgerlike vorming (Kloppers, 1990: 58), 'n soort vorming wat alle mense, en nie net historici of akademici nie, behoort te ondergaan.

Hoewel geskiedenis, as skoolvak, slegs van die negentiende eeu af bestaan, is kinders vanaf die vroegste tye daarin onderrig. 'n Primêre rede daarvoor is dat volke ná die Industriële Rewolusie en met die opkoms van demokrasie, by wyse van stemreg aan die regering deelgeneem het. Daar is gemeen dat "kinders ingelei (moes) word in die geskiedenis van die eie land en volk", omdat "die hele volk verantwoordelikheid in burgerlike opsig moes dra" (Van Jaarsveld, s.j.: 2-3).

Geskiedenis as skoolvak het 'n opvoedingstaak in dié sin dat dit die kind se toekoms moet stig en hom vir die lewe wil voorberei (Trümpelmann, 1980: 26-27). Waar dit by akademiese geskiedenis onder andere om die uitbouing van 'n historiese houding of temperament gaan, waarvan die ontwikkeling van 'n historiese bewussyn 'n vanselfsprekende byproduk is, gaan dit by skoolgeskiedenis in die eerste plek om die kweek van 'n historiese bewussyn by die kind. Skoolgeskiedenis kyk deur 'n vormingsbril, terwyl akademiese geskiedenis deur 'n inhouds- en 'n analitiese bril kyk.

Indien dr. Falkena wou impliseer dat die plek van geskiedenis in die breë kurrikulum heroorweeg moet word, het hy niks nuuts kwytgeraak nie. Ons sê al vir die afgelope paar dekades vir mekaar dat indien geskiedenis sy plek in die toekomstige breë kurrikulum vir primêre, sekondêre én tersiêre onderwys wil verseker, die vak onder die vergrootglas geplaas moet word, én dat dit wat nog altyd verkeerd was, reggestel moet word.

Hoewel baie kritici meen dat geskiedenis as vak op pad uit is, en toenemend besig is om sy relevansie in die nuwe Suid-Afrika te verloor, word daar tans "heropgebou" en "ontwikkel" of verander aan die sillabusse vir geskiedenis.

Hoe behoort die nuwe sillabusse vir geskiedenis te lyk om die grootste moontlike byval te vind, of anders gestel, die vak se bemarkbaarheid te verhoog? Is sulke

sillabusse moontlik? Watter bydrae kan skoolgeskiedenis lewer in 'n Suid-Afrika wat vir almal 'n gelykwaardige staanplek moet bied?

Oor toekomstige sillabusse vra Kros en Vadi (1993: 94) ook vrae soos byvoorbeeld die volgende:

- * "...can we ensure that the study of the past by our students does not generate further political conflict, both nationally and internationally" ;
- * "How can we make sure that a minority (or a majority) does not simply use history to legitimate domination or abandon us to a new 'uniform past' ?" ;
- * "...is it at all possible for us to teach history to the younger generation in a manner that is intellectually enriching to them ?" ;
- * "Can a creative methodology be devised that could develop in our students historical and critical skills - one that can get our students to understand the historian's craft and method of enquiry ?" ;
- * "...can the history curriculum serve the interests of the national good (as opposed to the 'nationalist good'), of nation building, of peace, of political tolerance, of economic and environmental awareness, and of respect for cultural and religious diversity ?"

Die bemarkbaarheid van geskiedenis sal in die huidige tydsgewrig in positiewe antwoorde op hierdie vrae lê.

Ek is oortuig daarvan dat geskiedenis as skoolvak oor onontginde dimensies beskik en bemarkbare kwaliteite het wat veral 'n bydrae ten opsigte van die nuwe demokratiese bedeling in ons land kan lewer.

Demokratiese nasie-bou is vir die afgelope twee jaar die nuwe gonswoord in ons land. 'n Demokrasie, in sy volle konsekwensies, is die groot ideaal waaraan daar tans in Suid-Afrika gewerk word.

'n Ware demokrasie vra dat sy bevolking demokraties-geletterd moet wees, maar, soos wat die breë kurrikulum tot op hede nog nie voldoende voorsiening gemaak het vir politieke geletterdheid nie (Trümpelmann, 1986: 193), is daar ook nog nie tot dusver daadwerklik gepoog om aan ons skoolgaande jeug demokratiese geletterdheid te bied nie.

'n Toekomstige bydrae wat geskiedenis as skoolvak binne die breë kurrikulum sou kon lewer, behoort juis onder andere te lê in opvoeding vir demokrasie, of te wel, demokrasie-opvoeding. Trouens, geen ander vak sou dit beter as geskiedenis kon doen nie.

Om tot hiertoe saam te vat:

* Daar is reeds 'n nuwe toekomspektief vir Suid-Afrika geformuleer waarin 'n onmiddellike opdrag vir ons almal lê.

* Skoolgeskiedenis het 'n vormingstaak wat op alle leerlinge betrekking het.

Daar lê in werklikheid vir ons 'n *tweeledige opdrag* voor die deur. Van Jaarsveld (1992: 15) formuleer dit, enersyds, as dat "elke tydperk sy verhouding tot die geskiedenis telkens opnuut (moet) formuleer". Matthews (1992: 1) omskryf dit weer soos volg: "As South Africa moves faster and faster into a new era, a fresh direction for the teaching of history will have to be charted". 'n Nuwe "leitmotiv" moet dus geformuleer word én 'n koersaanpassing ten opsigte van die onderrig van geskiedenis sal gemaak moet word.

Indien die wese van standpunte en voorstelle ten opsigte van 'n nuwe "leitmotiv" deeglik ontleed word en standpunte met betrekking tot die inhoud asook die onderrig, geanaliseer word, staan dit bo alles uit dat die nuwe "leitmotiv" beide 'n produk- of inhoudskomponent en 'n proses- of vaardigheidskomponent moet hê.

Uit die jarelange debatvoering het dit tot dusver duidelik geword dat meganismes nodig is waarvolgens die "leitmotiv" van die Suid-Afrikaanse geskiedenis meer aanvaarbaar gemaak kan word.

Die patriotiese aard van geskiedbeelde deur die eeue het baie hartseer en weerstand veroorsaak. Om hierdie probleem die hoof te bied, kan die inhoudelike aard van 'n geskiedbeeld aangevul word deur ook 'n vaardigheidsdimensie daaraan te gee.

Hoewel die ideologiese altyd teenwoordig is, hoef dit nie noodwendig voorrang of prioriteit te geniet nie. Ideologiese voorkeure kan met metodologiese wesenstrekke gebalanseer word.

Daarom kan die "leitmotiv" deels in prosesvaardighede, wat eie aan die vak is, gesetel wees.

Daar behoort sprake te wees van 'n ideologiese bewussyn wat by wyse van die inhoudskomponent bewerkstellig word, asook 'n historiese bewussyn wat

by wyse van die metodologiese proses gekweek word, anders bestaan die gevaar dat geskiedenis geïnstrumentaliseer word en die aard van die vak daardeur ondermyn word.

Om dus aanvaarbaar te wees, behoort 'n nuwe "leitmotiv" gebalanseerd te wees; nasionaal en verkieslik ook internasionaal aanneemlik te wees; in pas met die gees van die tyd te wees én in ooreenstemming met die wesenswaard van die vak te wees.

Die inhouds- of ideologiese komponent van 'n nuwe "leitmotiv" sou, in ooreenstemming met die gestelde toekomspektief en met inagneming van standpunte en voorstelle in die onlangse literatuur **DEMOKRATIESE NASIEBOU** (democratic nation-building) kon wees.

Demokratiese nasiebou is 'n produk van die gees van die tyd, en nie net die ideaal van 'n bepaalde groep nie.

As historiese produk sal **demokratiese nasiebou** kwalifikasies insluit soos nasionale eenheid, eenheid in verskeidenheid, gesamentlike nasieskap, samewerkende naasbestaan, multikulturaliteit, nierassigheid, versoening, geregtigheid vir almal, vryheid, interafhanklikheid, herkonstruksie en 'n ware demokratiese kultuur. Dit sal op 'n groter "vermensliking" van die geskiedenis neerkom en van geskiedenis "toerusting" vir die toekoms maak. Verder sal dit 'n gepaste "Josefskleed" vir die Suid-Afrikaanse reënboognasie kan word.

Demokratiese nasiebou sal as hoofmotief of hooftema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan sorg vir die daarstelling van 'n kernhoeveelheid kennis oor basiese dinge wat vir die meerderheid van die bevolking aanneemlik sal wees, maar dit sal óók kan sorg vir die oordraging van erfenisse, waardes, bindinge, begrip en insig.

Die wyse waarop die produk- en proseskomponente van die "leitmotiv" geïntegreer word, kan die aanvaarbaarheid daarvan bepaal.

'n **Proses- of vaardigheidskomponent** vir 'n nuwe "leitmotiv" is nodig omdat geskiedenis nie net produk is nie, maar ook proses. Só 'n komponent wat by demokratiese nasiebou as inhoudskomponent sal moet aansluit, sal die bestudering van die historiese proses wat so 'n produk lewer, insluit. Dit sal geskiedenisonderrig só rig dat 'n kritiese en kundige burgers vir 'n demokratiese bedeling daarvolgens gelewer word.

'n Proses- of vaardigheidskomponent, wat met inagneming van behoeftes en standpunte wat in die literatuur oor die vaardigheidsbenadering geformuleer is, behoort goeie aansluiting te vind by demokratiese nasiebou as voorgestelde inhoudskomponent.

Dit sal geskiedenisonderrig in Suid-Afrika kwalifiseer as 'n vak met vormingspotensiaal wat nie blatant indoktrineer nie, wat sal wegdoen met die slaafse onkritiese nasieboupogings van die verlede, wat getrou is aan die ware wese van geskiedenis én wat in die woorde van die Hollandse historikus, Pieter Geyl, van die vak " 'n diskussie sonder einde" sal maak - 'n voortdurende dialoog wat nooit finale antwoorde oplewer nie.

Geskiedenisonderrig sal dan 'n proses word waarvolgens die verlede ontleed word en waarvoor 'n begrip van bepaalde konsepte en die bemeestering van spesifieke vaardighede nodig is. Dit sal 'n leerproses word wat leerders in staat sal stel om onafhanklik te dink en om die wêreld waarin hulle lewe beter te verstaan.

Die proseskomponent van die voorgestelde "leitmotiv" kan en behoort as 'n korrektyf op die produkkomponent te dien. As voortdurende korrektyf of middel tot verbetering, sal 'n proseskomponent die inhoudskomponent kan verfyn en verbeter en soos 'n veiligheidsklep sorg dat die minimum dwaling plaasvind.

Dit sal soos 'n filter kan sorg dat die inhoud so suiwer as moontlik is, en dat daar nader aan die waarheid, óf, so naby as wat moontlik is aan die waarheid, gekom word. Indien die volle waarheid, waarby daar nooit ten volle gekom kan word nie, as wit voorgestel word, sou die inwerkingstelling van 'n proseskomponent, as deel van die "leitmotiv", die produk, of voorstelling van die verledegebeure, naaswit of minstens liggrys maak.

'n "Leitmotiv" met 'n proseskomponent sal baie minder aan misbruik blootgestel wees, want daar sal byvoorbeeld perspektiwies en empaties na die verledegebeure gekyk word. Die verhaal van die verlede sal dus tot 'n mindere mate slagoffer van vooroordele of eie persepsies wees.

'n "Leitmotiv" waarvan die proseskomponent as korrektyf op die produkkomponent dien, maak nie aanspraak op absolute geldigheid nie, maar 'n mens sou kon sê dat só 'n "leitmotiv" minstens met dubbele verantwoordelikheid gekies is.

Die wyse waarop so 'n "leitmotiv" oorgedra sal word, sal egter die effektiwiteit daarvan bepaal. 'n "Leitmotiv" met 'n vaardigheidskomponent wat as korrektyf op 'n inhoudskomponent dien, het daarom implikasies vir onderrig. 'n Verdere voorstel, wat by die tweedimensionele aard van die voorgestelde "leitmotiv" aansluit, hou daarom met 'n nuwe onderrigbenadering verband. Dit kom daarop neer dat 'n onderrigbenadering nodig is wat nie net aan inhoud sowel as vaardighede laat reg geskied nie, maar wat ook as verdere korrektyf op die inhoudskomponent van die "leitmotiv" dien.

Die onderrig van geskiedenis is veronderstel om die verkonkretisering van die aard van geskiedenis te wees. Anders gestel, behoort daar in die lig van die aard van die vak besluit te word watter onderrigbenadering gevolg behoort te word.

Geskiedenis is in sy wese produk, maar ook proses. Gevolglik behoort 'n onderrigbenadering die "body of knowledge" asook die "approach to knowledge" in te sluit, want soos Wright dit stel, "Dit wat oor die geskiedenis bekend is behoort nie geskei te word van hoe dit bekend geword het nie. Leerlinge behoort die reëls van die spel te leer terwyl hulle besig is om te speel" (1989:102).

Só 'n onderrigbenadering sal as verdere korrektyf aansluit by die proseskomponent van die voorgestelde "leitmotiv". Dit sal as 'n volgende veiligheidsmeganisme kan dien, waarvolgens verhoed kan word dat die geskiedenis van Suid-Afrika, soos in die verlede, skeefgetrek en misbruik word óf as 'n verleentheid beleef word. Sodanige onderrigbenadering sal 'n eksterne korrektyf word.

Daar sal in twee opvolgartikels -

- * kortliks uitgewy word oor hoe die voorgestelde "leitmotiv" moontlik gemaak kan word;
- * geïllustreer word hoe 'n sillabustema, met die voorgestelde "leitmotiv" as rig-snoer, uiteengesit kan word; en
- * by wyse van 'n bepaalde lesontwerp aangetoon word hoe die suiweringsmeganismes in werking gestel behoort te word.

BRONNELYS

- KLOPPERS, J.C. 1990 : Die politieke spotprent en geskiedenis- onderrig. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit (M.Ed.-verhandeling).
- KLOPPERS-LOURENS, J.C. 1995 : 'n Nuwe "leitmotiv" vir die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit (D.Ed.-proefskrif).
- KROS, C. & VADI, I. 1993 : Towards a new History curriculum: reform or reconceptualisation ? (In : Taylor, N. red. 1993: Inventing Knowledge - Contest in Curriculum Construction. Kaapstad : Maskew Miller Longman, pp. 92-110).
- MANDELA, N. 1996 : Don't praise me to damn the rest. Sunday Times, 25 February 1996: 24.
- MATHEWS, J. 1992 a : The past is a foreign land : History methodology for a "new" South Africa. Bloemfontein : Referaat tydens konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 15-17 Januarie 1992.
- TRÜMPELMANN, M.H. 1980 : Die vormingsaard van geskiedenis as skoolvak. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit (M.Ed.-verhandeling).
- TRÜMPELMANN, M.H. 1986 : Politieke geletterdheid as verantwoordelikheid van die sekondêre skool. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (D.Ed.-proefskrif).
- VAN JAARSVELD, F.A. s.j. : 'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis. Kaapstad : Nasou.
- VAN JAARSVELD, F.A. 1992 : Historiese bewussyn in die identiteitsvraagstuk in die Geskiedenisonderrig van 'n toekomstige Suid-Afrika. Gister en Vandag, 12(24), Oktober 1992: 11-20.
- VAN JAARSVELD, F.A. 1994 : Weer eens 'n skoongeveegde lei ? - Afrekening met 'n nuwe singewing aan die Suid-Afrikaanse Geskiedenis ? Stellenbosch : Referaat tydens konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Universiteit van Stellenbosch, 19-21 Januarie 1994.
- WRIGHT, C.P. 1989 : Die eie aard van geskiedenis en die evaluering daarvan in standerd 10. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit (D. Phil.-proefskrif).
- BEELD, 28 April 1994 : 2
- BEELD, 30 Junie 1995 : 13
- BEELD, 14 Desember 1995 : 9
- ECONOMICS, 1995-Herfsuitgawe
- SUNDAY TIMES, 25 February 1996: 24